Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1040**(A)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**6 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 1**

1.1 Beantwoord die volgende vrae rakende die entrepreneur:

1.1.1 Noem TWEE benaderings van entrepreneurskap. (2)

1.1.2 Noem die DRIE dimensies van die entrepreneuriese proses. (3)

1.1.3 Noem VYF persoonlike eienskappe van 'n goeie entrepreneur. (5)

1.1.4 Verduidelik kortliks VIER ekonomiese waardes van die entrepreneurskap in die landbousektor. (4 × 2) (8)

1.1.5 Noem enige VYF faktore wat die besigheid kan beïnvloed en nie deur die boer beheer kan word nie. (5)

1.2 Vergelyk die VENNOOTSKAP en die BESLOTE KORPORASIES as vorms van onderneming op grond van die volgende kriteria:

1.2.1 Korporatiewe liggaam

1.2.2 Aanspreeklikheid van skuld

1.2.3 Aantal lede

1.2.4 Kontinuïteit

1.2.5 Belasbaarheid

(5 × 2) (10)

1.3 Wat word bedoel met *eenmansaak*. (2)

1.4 Noem enige VYF voordele van 'n eenmansaak. (5)
**[40]**

**VRAAG 2**

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor vennootskap as 'n vorm van besigheid.

2.1.1 Definieer die term *vennootskap.* (2)

2.1.2 Gee VIER redes waarom 'n vennootskap ontbind kan word. (4)

2.1.3 Noem SES algemene regte en verpligtinge waarvoor 'n vennootskapsooreenkoms voorsiening moet maak. (6)

2.2 Omskryf SES voordele van beslote korporasies. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


2.3 Beantwoord die volgende vrae oor risiko en onsekerheid in die boerdery strategie.

2.3.1 Onderskei tussen *risiko* en *onsekerheid.* (4)

2.3.2 Noem AGT bronne van risiko en onsekerheid in boerdery. (8)

2.3.3 Noem VIER riglyne vir besluitneming in 'n onsekere omgewing. (4)

**[40]**

**VRAAG 3**

3.1 Beantwoord die volgende vrae rakende strategiese beplanning.

3.1.1 Noem VYF eienskappe van strategiese beplanning.

3.1.2 Noem VYF voordele van strategiese beplanning.

(2 × 5) (10)

3.2 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van gewasvertakking beïnvloed. (5)

3.3 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van dierevertakkings beïnvloed. (5)

3.4 Noem en verduidelik die VIER mees algemene faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n boerderystrategie beplan word. (4 × 3) (12)

3.5 Noem die stappe in die formulering van 'n boerderystrategie. (8)

**[40]**

**VRAAG 4**

4.1 Onderskei die volgende terme rakende boedeladministrasie.

4.1.1 Testaat en intestaat opvolging

4.1.2 Begunstigde (‘Legatee’) en erfgenaam

4.1.3 Vervanging en kodisil

(3 × 4) (12)

4.2 Om wettig te wees, moet 'n testament aan sekere vereistes voldoen. Verduidelik hierdie vereistes (10)

4.3 Noem VIER riglyne wat gevolg moet word wanneer jy 'n praktiese en effektiewe testament opstel. (4 × 2) (8)

4.4 Gee VYF redes vir die gebruik van testamentêre trusts. (5)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.5 Noem enige VYF persone en/of liggame wat gewoonlik as administrateurs van 'n boedel optree. (5)
**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Kies 'n tipe beleid uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Slegs die betaalde premies plus bonusse word uitbetaal. | A | verskanste polis |
| | | B | pure endossement polis |
| 5.1.2 | Word uitgetrek waar die versekerde se behoeftes van tydelike aard is. | C | endossement polis met lewensdekking |
| 5.1.3 | Die versekerde bedrag word slegs betaal wanneer die versekerde sterf. | D | termynpolis |
| | | E | ongeskiktheid versekering |
| 5.1.4 | Dit is 'n lewenspolis waarby 'n dalende termyndekkingsbeleid ingesluit word. | F | hele-lewe polis |
| 5.1.5 | Die versekerde bedrag is betaalbaar op die uitbetaal datum of vroeë dood. | | |

(5 × 2) (10)

5.2 Skryf verklarende aantekeninge oor aftree-annuïteite as 'n alternatief vir boere om hul eie pensioenfonds te bou vir aftrede. (10 × 1) (10)

5.3 Bespreek oesversekering onder die volgende opskrifte:

5.3.1 Wat word gedek? (4)

5.3.2 Wat word nie gedek nie? (3)

5.3.3 Hoe die premies bepaal en bereken word. (3)

5.4 Onderskei tussen die volgende beginsels van versekering:

5.4.1 Vergoeding

5.4.2 Sekuriteit

(2 × 5) (10)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou